# OPENBARINGSKENNIS

## DIE HOËR WEË

Jes. 55:1-3

God se plan vir elke gelowige is die hoër weë wat ons saam met Hom moet bewandel.

## HOE VERKRY ONS HIERDIE HOËR WEË

### **<u>DORS NA GOD</u>** (Vers 1)

Om na God te dors is ‘n absolute noodsaaklikheid, as jy van God wil hoor en as jy met die Here wil wandel. Ons lewe onder ‘n mensdom wat na aardse dinge dors.

In hierdie vers roep Jesaja ‘n bepaalde groep mense sonder enige verwysing na ‘n kerk of dominansie, tradisie, gewoonte of nationaliteit.

“O, almal wat dors het” – Die mense na wie verwys word is mense wat dors na God (Joh. 7:37).

### **<u>KOOP</u>** (Vers 1)

Dit is treffend dat die skrif sê ons moet koop, maar nie met geld nie. Hierdie hoër weë moet dus gekoop word. Om te koop beteken dus dat dit iets kos. Wat is die prys wat betaal moet word vir God se hoër weë?

### **<u>PRYS WAT ONS MOET BETAAL</u>** (Vers 2-3)

“Luister aandagtig na My en eet die goeie”

“Laat julle siel hom in die vettigheid verlustig”

“Neig julle oor en kom na My toe”

“Luister en julle siel sal lewe”

<u>Vers 7</u> “Laat die goddelose sy weg verlaat”

“En laat hy hom tot die Here bekeer”

> Die prys wat ons moet betaal is om na God te gaan, ons ore na Hom te neig; na Hom te luister; ons in Hom te verlustig; Hom te soek; Hom aan te roep en ons verkeerde weë en verkeerde gedagtes te verlaat.

## **<u>WYN EN MELK</u> (**Vers 1)

Wyn - Tipe van die Heilige Gees

Melk - Verwys na Lewende Woord

<u>Vers 2</u> "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbei vir wat nie kan versadig nie?"

Ons vind vandag mense dors na die wêreld en sy dinge, dors na programme. Mense word meegesleur deur dinge wat geen ewigheidswaarde het nie.

Die profeet Jesaja roep ons om hieroor te besin en te besef dat daar hoer, beter en goddeliker dinge is om na te jaag.

## <u>HOËR GEDAGTES</u>

Wanneer ons dors na God.

Prys betaal om wyn/brood te koop.

Dan gee God ons ons openbaringskennis.

Openbaringskennis lei tot verhewe denke en hoër gedagtes.

Ons bedink nou die dinge wat daar bo is en nie wat op aarde is nie (Kol. 3:2).

Openbaringskennis en verligte denke is noodsaaklik voordat ons in hoër weë kan wandel.

## <u>HOËR WEË</u>

Klimaks van hierdie gedeelte is "hoër weë" (Jes. 55:8-9). Hoër weë beteken 'n lewenswandel wat ooreenstem met die wil van God.

Hierdie status bereik ons slegs deur hoer gedagtes. Die profeet het begin by geestelike dors en lei ons op die pad van oorgawe en gehoorsaamheid aan die Lewende God.

Almal wat hierdie weg bewandel het, het ervaar dat die Woord in hulle lewend geword het. Hulle gedagtes is verlig deur God se Gees wat openbarings bring.

# RESULTATE VAN HOËR WEË

**1. ‘n Ewige Verbond (Jes. 55:3)**

Wanneer ons Christus aanneem is ons verbondskinders. Die Here praat hier van ‘n ander verbond. God is ‘n gewer van gehoorsaamheid en opoffering vir Sy Naam, daarom word ons gekroon met seën.

**2. Heerlikheid (Jes. 55:5)**

Hoër weë lei tot groter heerlikheid.

**3. Vrylating uit gevangenisskap (Jes. 55:12)**

**4. Totale geestelike verandering (Jes. 55:13)**

| | | |
|---|---|---|
| Doringboom | = | Veldplant |
| Sipres | = | Boom wat in tuin van konings geplant word. |
| Distel | = | Nuttelose plant |
| Mirteboom | = | Geurige blomme en welriekende olie in die blare |